# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands 70c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 277

KAAPSTAD, 13 JULIE 1988

CAPE TOWN, 13 JULY 1988

No. 11407


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1390. 13 Julie 1988

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 85 van 1988: Wysigingswet op die Grondwet van die Nasionale State, 1988.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1390. 13 July 1988

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 85 of 1988: National States Constitution Amendment Act, 1988.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Grondwet van die Nasionale State, 1971, ten einde 'n wetgewende vergadering te magtig om fondse te bewillig vir gebruik buite die gebied van die betrokke selfregerende gebied; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 6 Julie 1988.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 7 van Wet 21 van 1971**

**1.** Artikel 7 van die Grondwet van die Nasionale State, 1971, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) 'n Wetgewende vergadering kan geld uit sy Inkomstefonds beskikbaar stel vir gebruik deur 'n gemagtigde persoon buite die betrokke gebied in die Republiek ten opsigte van 'n projek wat betrekking het op 'n aangeleentheid bedoel in Bylae 1 en wat deur die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp vir daardie doel goedgekeur is.".

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Grondwet van die Nasionale State, 1988.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the National States Constitution Act, 1971, so as to authorize a legislative assembly to appropriate funds for use outside the area of the self-governing territory concerned; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 6 July 1988.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 7 of Act 21 of 1971**

**1.** Section 7 of the National States Constitution Act, 1971, is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) A legislative assembly may appropriate money from its Revenue Fund for use by an authorized person outside the area concerned in the Republic in respect of a project which relates to a matter referred to in Schedule 1 and which has been approved by the Minister of Education and Development Aid for that purpose.".

**Short title**

**2.** This Act shall be called the National States Constitution Amendment Act, 1988.

Gedruk deur Kaap & Transvaal Drukkers (Edms) Bpk, Kaapstad, vir die Staatsdrukker, Pretoria, Tel (012) 323-9731 X267—BB5063/13300
Printed by Cape & Transvaal Printers (Pty) Ltd, Cape Town, for the Government Printer, Pretoria, Tel (012) 323-9731 X267—BB5063/13300